



# Tydskrif vir Hervormde Teologie

Jaargang 5 Nommer 3  
Melanchthon-uitgawe

September 2017





### **Redaksie**

Dr Wim Dreyer (voorsitter)  
 Prof Natie van Wyk (redakteur)  
 Oudl Faan Beeslaar  
 Prof Jaco Beyers  
 Dr Elritia le Roux  
 Oudl Tom Moodie  
 Dr André Ungerer  
 Dr Johan van Staden  
 Dr Thinus van Staden  
 Dr Gafie van Wyk  
 Dr Tanya van Wyk

Die redaksie word driejaarliks na afloop van die Algemene Kerkvergadering saamgestel.

### **Uitgewer**

Die tydskrif word uitgegee in opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

### **Bedoeling**

Die tydskrif bevorder teologiebeoefening in die Kerk deur aan ampsdraers en lidmate die geleentheid te bied om artikels van 'n populêr-wetenskaplike aard te publiseer. Die artikels van hierdie tydskrif is algemeen toeganklik, maar berus op wetenskaplike navorsing.

### **Tipe publikasie**

Die tydskrif word elektronies aan belangstellendes gestuur. Die tydskrif is ook beskikbaar op die Kerk se webblad [www.nhka.org](http://www.nhka.org).

### **Uitleg**

Mev Francis Nel

### **Aanvanklike taalversorging**

Mev Tessa Oppermaann

### **Outeur**

Prof Natie van Wyk – Koördineerder Ekumeniese Skakeling

### **Korrespondensie**

Prof Natie van Wyk  
[hto@mweb.co.za](mailto:hto@mweb.co.za)

### **Voorblad**

Jesus en die storm (Mark 6: 45-51) deur James Ensor (1906)

Simboliek: Hierdie “storm van kleur” is 'n heenwysing na die gekruisigde en opgewekte Heer Jesus Christus, ons hoop te midde van die golwe van die lewe.

## Inhoudsopgawe

1	<i>Redaksioneel:</i>	Prof Natie van Wyk	iii
2	<i>Melanchthon biografie:</i>	Prof Natie van Wyk	v
3	<i>Artikels:</i>	Philipp Melanchthon oor die wet (en die evangelie) (Januarie / Februarie 2017)	1
		Philipp Melanchthon oor gebed (Maart 2017)	5
		Philipp Melanchthon oor die uitverkiesingsleer (April 2017)	9
		Philipp Melanchthon oor die geboorte en dood van Martin Luther (Mei 2017)	12
		Philipp Melanchthon oor lyding en vertroosting (Junie 2017)	15
		Philipp Melanchthon oor die drie-enige God (Julie 2017)	18
		Philipp Melanchthon en musiek (Augustus 2017)	21
		Philipp Melanchthon se uitleg van die sewende gebod (September 2017)	24
		Philipp Melanchthon oor die artikel waarmee die kerk staan of val (Oktober 2017)	27




## Redaksioneel

Philipp Melanchthon was Martin Luther se jonger kollega en buurman in Wittenberg. Sonder Melanchthon sou Luther nooit suksesvol gewees het nie. Die Reformasie van die 16de eeu was in die eerste instansie 'n akademiese aangeleentheid. Luther het op grond van sy bestudering van die Bybel tot die ontdekking gekom dat sekere praktyke en geloofsoortuigings van die Rooms-Katolieke Kerk nie in die Woord van God begrond kan word nie. Danksy sy bestudering van die briewe van Paulus het hy die ware inhoud van die evangelie herontdek. Melanchthon is as 21-jarige jongman as professor in Grieks in Wittenberg aangestel. Hy het by Luther teologie studeer en Luther het by hom Grieks geleer. In 1521/22 het Melanchthon Luther se lesings behartig toe hy op die Wartburg geskuil het. In hierdie tyd het hy die eerste “Protestantse dogmatiek” gepubliseer. Melanchthon het spoedig die rektor van die Universiteit geword. Hy het as rektor die Duitse universiteitswese hervorm, en selfs twee universiteite, te wete Jena en Marburg, gestig. Hy het 'n nuwe kurrikulum vir die Fakulteit Teologie geskryf en nuwe vakgebiede ingestel. Hy was een van die grootste geleerdes in die geskiedenis en word beskryf as die “leermeester van Europa”.

Melanchthon het nie slegs as akademikus naam gemaak nie. Hy was Luther se regterhand in die kerklike stryd. In 1530 het hy die eerste Protestantse belydenisskrif, die *Augsburgse Geloofsbelydenis*, opgestel. Hy het saam met Luther visitasies by die eerste Protestantse gemeentes gedoen. Die vrugte wat hierdie besoeke opgelewer het, was onder andere Luther se kategismusse, verpligte akademiese opleiding van predikante en die eerste kerkordes.

Naas die talle kommentare wat Melanchthon geskryf het, het hy ook talle voorwoorde vir die eerste Protestantse gesangeboeke geskryf. Hy het self ook liedtekste geskryf wat veral deur die studente getoonset en gesing is. Boveal was Melanchthon 'n skrywer van gebede. Talle hoofstukke van sy dogmatiekhandboeke is met 'n gebed afgesluit. Feitlik elke brief wat hy geskryf het, was van 'n gebed voorsien. Hy was nooit 'n geordende predikant nie, maar hy is die verpersoonliking van die priesterskap van 'n gelowige.

Hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)* word gewy aan artikels wat Natie van Wyk gedurende 2017 oor Melanchthon vir die gesinstydskrif *Konteks* geskryf het. Aangesien talle lesers van die *THT* nie toegang tot *Konteks* het nie, word die artikels hier afgedruk.



Sou hierdie populêre artikels belangstellendes prikkel om méér van Melanchthon te wete te kom, kan hulle gerus na twee resente wetenskaplike bydraes van Van Wyk kyk wat in die *HTS Teologiese Studies* 2017, volume 73, nommer 1 verskyn het. Prof Jimmie Loader het ook 'n bydrae oor Melanchthon in volume 73 nommer 4 gelewer.

## Melanchthon biografie

- 1497 Philipp Schwartzertd word op 16 Februarie in Bretten, naby Heidelberg, gebore
- 1508 Philipp se pa en oupa sterf
- 1508 November: Latynskool in Pforzheim
- 1509 14 Oktober: Studie in Heidelberg
- 1509 Op 15 Maart verander Johannes Reuchlin Philipp Schwartzertd se naam na Philipp Melanchthon
- 1511 Hy ontvang op 10 Junie die graad *Baccalaureus Artium*
- 1512 Hy studeer vanaf 17 September met spesiale toestemming as 15-jarige in Tübingen vir 'n Magister
- 1514 Hy behaal op 25 Januarie as 17-jarige 'n Magister in Grieks in Tübingen
- 1518 Sy Griekse grammatika word op 15 Mei 1518 gepubliseer
- 1518 Professor in Grieks in Wittenberg op 21-jarige ouderdom (28 Augustus)
- 1519 Op 19 September ontvang hy die graad *Baccalaureus Biblicus*
- 1520 Hy trou met Katharina Krapp
- 1521 Eerste uitgawe van die *Loci Communes*
- 1522 Sy dogter Anna word gebore
- 1528 Hy hervorm die skoolsisteem in Sakse
- 1529 Godsdiensgesprekke in Marburg
- 1530 Ryksdag in Augsburg en die bekendstelling van die *Confessio Augustana* op 25 Junie
- 1540 Godsdiensgesprekke in Worms begin op 28 Oktober
- 1547 Sy dogter Anna sterf
- 1551 Julie: Bekendstelling van die *Confessio Saxonica*
- 1553 Die eerste Duitse uitgawe van die *Loci*
- 1557 Sy vrou Katharina sterf
- 1560 Philipp sterf op 19 April



Philipp Melanchthon



Prof Natie van Wyk

## Philipp Melanchthon oor die wet (en die evangelie)

Om die Reformasie te her-denk, het onder andere die implikasie dat die waarde van die teologie van die Reformatore vir vandag blootgelê sal word. Ek begin hierdie reeks met Philipp Melanchthon se uitleg van die *wet* (en die *evangelie*). Sy verduideliking van die begrip *wet*, in onderskeid tot die begrip *evangelie*, kan groter helderheid bring in die huidige debat oor homoseksualiteit.

Philipp Melanchthon (1497-1560) is een van die hooffigure van die Reformasie. Hy was Martin Luther (1483-1546) se jonger kollega in Wittenberg en staan vandag bekend as die *leermeester van Europa* (*praeceptor Europae*). Hy was onder andere verantwoordelik vir die algehele hervorming van teologiese onderrig. Ons het die meeste teologiese vakgebiede en die standaardkurrikulum aan hierdie *klein mannetjie met sy lispelstem* te danke. Hy was verantwoordelik vir die instelling van die amp van predikant. Predikante moet volgens Melanchthon goed opgelei wees sodat hulle verantwoordelik oor die inhoud van die Bybel kan preek. Hiermee is daar met die eeu-oue Middeleeuse tradisie gebreek dat priesters hoofsaaklik verantwoordelik was vir kerklike rituele wat weinig akademiese kennis geverg het. Melanchthon het naas 'n Griekse grammatika talle kommentare asook die eerste Protestantse geloofsbelydenis (*Confessio Augustana*) en die eerste Reformatoriese leerboek (*Loci Communes*) geskryf.

Sy sistematiese leerboek uit die jaar 1521, onder die titel *Die Grondbegrippe van die teologie, óf teologiese sketse / Loci communes rerum theologicarum seu hypotyposes theologicae* is een van die belangrikste publikasies van die Reformasie. Hierdie boek het ontstaan uit die 24-jarige Melanchthon se lesings oor die Nuwe Testament. Hy moes hierdie lesings noodgedwonge by Luther oorneem, aangesien Martin as 'n vlugteling op die Wartburg naby Eisenach moes skuil vir sy lewe. Melanchthon het gou agtergekom dat die studente nie die Nuwe Testament en daarom nie die belangrikste begrippe van die Christelike godsdiens ken nie. Hy het dienooreenkomstig 'n begripmatige uitleg van die Nuwe Testament aangebied, wat in hierdie boek uiteengesit word. Eén van die begrippe wat hy verduidelik het, was die begrip *wet* wat telkens deur Paulus gebruik word. Om Paulus (en daarom Jesus) reg te verstaan, moet gewet word wat met *wet* bedoel word. Dit is juis die opheldering van die begrip *wet* wat van waarde kan wees vir ons huidige debatvoering.



## **Die natuurwet**

Paulus (Rom 2:14) is bewus dat daar iets soos die “natuurwet” moet wees aangesien heidene wat nie die tien gebooe ken nie, nogtans weet wat reg en verkeerd is. Die mensdom het dus ’n algemene aanvoeling van wat reg en wat verkeerd is. Op grond van redelike argumente is daar konsensus dat geen mens die reg het om ander skade te berokken nie en dat lewensmiddele gemeenskaplik gebruik moet word. Die probleem is egter dat mense op grond van hul begeerlikheid nie bereid is om alles met ander mense te deel nie. Om hierdie rede is ooreenkomste of verdrae nodig om die vrede tussen mense te handhaaf. Paulus moet dus iets anders as die natuurwet in gedagte hê wanneer hy oor die *wet* praat.

## **Die Bybelse wette**

Volgens Melanchthon kry ons in die Bybel verskillende klasse van wette. Hy onderskei drie klasse, naamlik die *moraalwet* (*leges morales*), die *regswette* (*leges iudicales*) en die *seremoniële wette* (*leges ceremoniales*).

### ***Die moraalwet***

Die moraalwet word in die tien gebooe saamgevat en in die dubbele liefdesgebod toegespits. Die moraalwet word reg deur die Bybel op verskillende maniere prakties en konkreet uitgelê. Die eerste drie gebooe het met liefde vir God te make. Die eerste gebod verwag geloof, die tweede lof en die derde respek vir God se werke. Die ander sewe gebooe het met tussen-menslike verhoudinge te make, maar is net so belangrik as die eerste drie gebooe. Hy argumenteer heel driftig dat die morele wet nie blote goeie raad en advies is nie, maar met God se wil en sy oordeel te make het. Gehoorsaamheid aan hierdie gebooe is die skild teen geweld, anargie en oorlog. Hy wys verder daarop dat morele oortuigings wat in die kerk ’n belangrike rol speel, soos die reëls en regulasies van die kloosters en die morele ideale van broederkringe, dikwels heel weinig met die moraalwet te make het. Huwelikloosheid, armoede en gehoorsaamheid aan mensgemaakte reëls dien nie noodwendig die liefde nie. Om hierdie rede kan hierdie groepsvoorskrifte nie universele geldigheid hê nie en kan dit nie aan almal opgedwing word as synde die eenduidige wil van God nie.

### ***Die regs- en seremoniële wette***

In die Ou Testament is daar talle wette en regsreëls wat deur die “staat” in regsprosesse gebruik is. Hierdie tipe van wette is nie in die Nuwe Testament opgeneem nie, aangesien daar nie van Christene verwag word



om regsgedinge teen mekaar te voer nie. Boonop is hulle die *swerwende volk van God* wat nie aardse belange najaag nie. Die regspleging van die Joodse volk is dus nie meer bindend vir Christene nie. Dieselfde geld die seremoniële wette van die Ou Testament. Die wette en reëls wat met die offerrites te make het, het hul geldigheid verloor danksy die finale offer van Christus aan die kruis. Volgens Melanchthon kan sekere aspekte van die offerpraktyk hoogstens allegories op Christus betrek word. Die gedagte van die priesterskap as sodanig word in die kerk vervang met die gedagte van die algemene priesterskap van die gelowige. Offerrituele word daarom met voorbedding vervang. Die besef dat hierdie kultuswette nie vir die kerk normatief kan wees nie, is rede genoeg om te besef dat daar tussen wet en evangelie onderskei moet word. Nie alles wat in die Bybel as *wet* opgegee word, is gelykstaande aan die *evangelie* nie.

### **Menslike wette en reëls**

In die wêreld is daar ook nog talle ander wette en reëls wat deur die staat, kerke en wêreldlike organisasies gemaak word. Al hierdie wette en reëls het met die ordelike samesyn van mense te make. Diegene wat nie aan hierdie voorskrifte gehoorsaam is nie, kan beboet en selfs gestraf word. Hierdie ordemaatreëls is egter nie absoluut nie, en kan aangepas óf selfs heeltemal geskrap word. Om hierdie rede kan kerklike maatreëls oor byvoorbeeld die toelating tot die amp van tyd tot tyd verander word. Om in menslike ordemaatreëls die *evangelie* te wil sien, dui op luiheid van denke en vrees om verantwoordelikheid te neem. Dikwels het die onwilligheid om ordemaatreëls aan te pas, met verskuilde magsbelange te make. Die argument dat die “waarheid van die evangelie” beskerm word wanneer ou ordereëls gehandhaaf word, maak volgens Melanchthon van die evangelie weer ’n wet (wat tien teen een in elk geval agterhaal is).

### **Eietydse morele vraagstukke**

Dit is duidelik dat Melanchthon ’n belangrike bydrae tot die homoseksualiteitsdebat kan maak (ten spyte van die feit dat hy hom nooit hieroor uitgelaat het nie). In die eerste instansie sal hy daarop wys dat daar ’n verskil tussen wet en evangelie, moraal en geloof, etiek en dogmatiek, en menslike ordereëls en die dubbele liefdesgebod bestaan. In die tweede instansie sal hy daarop wys dat die kultiese wette van die Joodse volk en die wetgewing van die ou Joodse staat nie probleemloos as onveranderlike morele voorskrifte in die kerk opgeneem kan word nie. In die derde instansie sal hy daarop wys dat die handves van menseregte nie die kerk sy plig kan ontnem om krities te besin oor wat skadelik vir individue, die kerk en die samelewing is nie. Laastens sal Melanchthon daarop wys dat die kerk één primêre verpligting het,

en dit is om die wêreld iets mee te deel wat nie vanuit die wêreld self na vore kan kom nie, naamlik die evangelie van Jesus Christus. Wanneer die mensdom se konsentrasie op die Woord, Christus, die genade en die geloof toegespits word, sal daar met erns besin kan word oor die uitdaging om ander nie skade aan te doen nie.

## Philipp Melanchthon oor gebed

Philipp Melanchthon staan bekend as die *dogmatikus van die Reformasie*, die *denker van die Reformasie*, die *teoloog van die belydenis* en die *leermeester van Duitsland*. Een titel is egter nie so goed bekend nie: die *teoloog van gebed*. Ek is van oordeel dat die volgende titel 'n akkurater beskrywing van hierdie uitsonderlike mens weergee: die *teoloog van geleefde en geleerde vroomheid*.

Met *vroomheid* word hoofsaaklik *gebed* bedoel. Melanchthon het duisende gebede geskryf wat in bewaring gebly het – volgens een berekening, meer as 5 000. Daar is 10 000 briewe van Melanchthon bewaar. Die meeste briewe is voorsien van 'n kort gebed – gerig aan die ontvanger van die brief. Sy akademiese skryfwerk is ook besaai met dikwels langer gebede. Hoe ouer hy geword het, hoe langer en diepsinniger het sy gebede geword. Of hy aan 'n lesing, 'n artikel of 'n kerkorde gewerk het, hy het dit voorsien van 'n gebed. Die rede: Hy het geglo dat akademiese werk onlosmaaklik gekoppel is aan 'n aktiewe en geordende gebedslewe. Dit was veral 1 Tessalonisense 5:17 wat hom gedryf het om gebede in sy akademiese skryfwerk op te neem.

Melanchthon was, naas al sy ander gawes, ook 'n goeie digter. Hy het gebede in Latyn en Grieks gedig vir die geleerde binnekring. Hy het geoordeel dat hy sy studente Latyn kon leer deur hulle gebede te leer. Die meeste van sy langer gebede was egter in prosastyl. Hiervan het 'n paar honderd behoue gebly. Talle van hierdie langer gebede het deur die eeue bekend gebly, aangesien hulle oorspronklik deel van kerkordes was wat telkens opnuut deur die jonger skrywers van kerkordes opgediep is. Sy bedoeling met die kerkorde-gebede was om die ampsdraers voortdurend daaraan te herinner dat kerklike dissipline ten diepste dissipline in gebedspraktyk is.

Talle van Melanchthon se langer gebede lyk op die oog af soos 'n stuk “biddende dogmatiek”. Hy het inderdaad dogmatiek in 'n gebedsvorm aangebied. Hy was van oordeel dat die Triniteitsleer en die tweenatureleer met groter effek deur gebede aangeleer kan word as deur abstrakte stellings. Nogtans was sy gebede nie in die eerste instansie bedoel om kerklike leerstukke te wees nie, maar om God, in *sekerheid*, te prys en aan te roep. 'n Volledige uiteensetting van Melanchthon se verstaan van gebed word in die Duitse weergawe van sy *Loci Theologici* (1553) gevind.

### Die Christelike gebed

Melanchthon vat gebed saam onder twee begrippe, naamlik *aanroeping* en *danksegging*. In vyf punte verduidelik hy dan sy verstaan van gebed

as aanroeping en danksegging.

Eerstens: Melanchthon wys daarop dat daar 'n groot verskil tussen die Christelike gebed en heidense gebede is. Die verskil het te make met wie en wat aangeroep word. Die Christen bid tot die ware God wat Hom in *Christus se woorde en wonderwerke* bekend maak.

Tweedens: Christelike gebed staan onder die dwang van die gebod van God. God beveel ons om te bid. Hoekom? Omdat die mens vasgevang is in twyfel. Ons twyfel daaraan of God gebede aanhoor, en veral óf Hy *my* gebed aanhoor. Sy bevel is daarom sy versekering. Hy beveel ons om gereeld te bid (Matt 7:7; Ps 1), met die versekering dat Hy na my sal luister. Gehoorsaamheid aan sy opdrag weerhou ons van minderwaardigheidsgevoelens voor God en twyfel.

Derdens: Die Christelike gebed staan in samehang met die talle beloftes van aanhoring en verhoring van gebede (Ps 50:15; Joh 16:23). *God wil waarlik God bly* deur getrou te bly aan sy beloftes. Dit is motivering genoeg om in gebed te volhard.

Vierdens: Ware gebed word in geloof gedoen. Wie glo dat God genadig is en sondes vergewe, kan glo dat God ook op ons kleiner behoeftes reageer. Wie in Christus se Naam bid, weet dat die aanhoorder van ons gebed ons danksy Christus aanneem en regverdig verklaar. Daar is dus geen rede om as gelowige oor gebedsverhoring te twyfel nie. Die Christelike gebed staan dus in die teken van *sekerheid* – sekerheid dat Christus ná aan sy kerk is. Die nabyheid van Christus gee aan gelowiges die vrymoedigheid om ook vir die klein, wêreldlike behoeftes te bid.

Vyfdens: Gebed is 'n ernstige saak aangesien ons na God met belangrike sake gaan. *Gebed is 'n erediens* aangesien ons hierdeur te kenne gee dat ons God as Heer en Vader erken en vertrou. *Deur gebed glo ons dat Hy barmhartig en genadig is, ons in genade aansien en ons aanneem.* In gebed staan ons die duiwel teë en distansieer ons ons van valse godsdiens. Gebed is ook 'n openbare aangeleentheid, aangesien ons veronderstel is om ook vir ander te bid – van die owerhede af tot by die vyande.

Ná hierdie sistematiese besinning oor gebed, bied Melanchthon in sy leerboek 'n kort uitleg van die Onse Vader aan. Hier is egter nie ruimte om daaraan aandag te gee nie. Wat wel aangebied kan word, is 'n gebed wat hy in 1527 geskryf het. Hierdie gebed is in die vorm van 'n uitleg van die tien gebooue (ongelukkig sonder die 5de bede).

### **Uitleg van die Onse Vader in gebedsvorm**

Ons Vader in die hemel

*Ag U, almagtige, genadige en goeie Vader,*

*U wat ter wille van ons, rondom en by ons is,*

*skep, voed, behoed en beskerm ons tog.*



Mag u Naam geheilig word

*Mag u Naam reg geken word deur die regte leer en geloof,  
en daardeur geloof en geprys word.*

Laat u ryk kom

*Regeer ons deur die Heilige Gees.*

*Wanneer ons deur U verlaat word, verval ons  
in allerlei sondes, raak verstrengel in skandes en ongeluk.*

*Soos geskryf staan (Joh 15:5):*

*“Sonder my kan julle niks doen nie”.*

Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook op die aarde

*Ons wil graag hê dat alles volgens ons wil sal verloop; dat  
ons sonder ’n kruis sal lewe.*

*Maar, Here God, laat u wil in ons lewens geskied  
en gee ons daarom gehoorsaamheid en geduld.*

Gee ons vandag ons daaglikse brood

*O Here, versorg ook ons liggame, gee ons voedsel,  
verstandigheid, ’n goeie getuigskrif, gesondheid en alles wat  
die liggaam nodig mag hê, soos wat U belowe het (Matt 6:33):*

*“Soek eers die koninkryk van God ... dan sal julle alle ander dinge gegee  
word”.*

En lei ons nie in die versoeking nie

*Laat ons nie val nie wanneer ons in die versoeking kom,  
aangesien die duiwel sonder twyfel begeer om ons te vernietig,  
soos Petrus sê (1 Pet 5:8), dat hy soos ’n brullende leeu soek wie hy kan  
verslind.*

*Ons kan ons met ons eie krag nie hierteen verweer nie. Daarom Here,  
moet U ons beskerm!*

Maar verlos ons van die bose

*Help ons uit allerlei nood en teëspoed,  
en heel besonders: Red ons uit die dood!*

Hierdie woorde en gedagtes is byna 500 jaar gelede geskryf. Vanselfsprekend het ons taalgebruik en gedagte-wêreld baie verander. Dit is belangrik dat ons regdeur hierdie herdenkingsjaar sal besef dat niemand verouderde taalgebruik in mense se kele wil afdruk nie, maar dat ons wil sien dat ons lidmate die teologiese diepgang van die Reformatore se teologie sal ontdek sodat ons die nodige regstellings in ons eie lewe en werk kan aanbring.

By Melanchthon, die genie van die Reformasie, leer ons dat kerklik-teologiese werk sonder ’n gedissiplineerde gebedslewe van geen waarde is nie. Verder leer ons by hom dat voortdurende gebed

ons daarby hou om met die mees basiese veronderstelling van die evangelie besig te wees, naamlik dat ons met die *waarheid* van God in Jesus Christus te make het. Wanneer die waarheid van die evangelie prysgegee word, sal die Kerk nie deur die een of ander “missionale projek” gered kan word nie. Die Kerk sal net al vinniger in die niet verdwyn.

## Philipp Melanchthon oor die uitverkiesingsleer

Namate die waardering vir die charismatiese teologie in ons kerke toeneem, groei die verwarring oor sake soos die uitverkiesing. Dit is daarom belangrik dat ons (minstens in hierdie feesjaar) kennis sal neem van wat die vaders van die Reformatoriese teologie oor 'n saak soos hierdie geleer het.

Sonder kennis van hul insigte in die Bybelse boodskap, staan ons weerloos teenoor 'n groepering wat daarop uit is om ons lidmate in te palm. Volgens my oordeel word hierdie Bybelse tema die beste vir lidmate verduidelik deur Philipp Melanchthon. Hy is ook die Reformator vir wie gewone lidmate (na my oordeel) die meeste waardering behoort te hê.

### Philipp Melanchthon se uitleg van die uitverkiesing

Philipp Melanchthon was Luther se jonger kollega in Wittenberg. Hy was die leermeester van Zacharias Ursinus, die opsteller van die Heidelbergse Kategismus. Daarbenewens was hy een van Calvyn se vertrouelinge. Calvyn het swaar gesteun op sy raad en advies. Calvyn het die latere weergawe van die *Confessio Augustana* (1530), een van die belangrikste belydenisskrifte van die Lutherse Kerk en opgestel deur Melanchthon, persoonlik onderteken as 'n getroue weergawe van die Bybelse leer.

Melanchthon was die eerste sistematiese teoloog van die Reformasie. Sy *Loci Communes / Hoofbegrippe van die Teologie* (1521) was die eerste sistematiese besinning oor die boodskap van die Nuwe Testament. Melanchthon het sentrale begrippe soos geloof, regverdiging, evangelie, wet en vryheid samehangend verduidelik. Hierdie eerste “dogmatiekhandboek” is feitlik jaarliks hersien, bygewerk en verbeter. In die proses het die titel ook 'n paar keer verander. Die laaste Latynse weergawe heet *Loci Praecipui Theologici / Belangrikste Teologiese Temas* (1559). In hierdie weergawe het hy sy finale verduideliking van die predestinasieleer aangebied. Die voorfinale weergawe van sy standpunt kan gevind word in die Duitse weergawe van sy leerboek uit die jaar 1553. Hierdie bydrae konsentreer slegs op die uitleg van die predestinasieleer soos gevind word in die 1559-weergawe. Dit is tog belangrik om te meld dat Melanchthon niks oor die predestinasie in die *Loci* van 1521 of die *Confessio Augustana* (CA) van 1530 geskryf het nie. Die gestoei met die uitverkiesingsleer was dus ook vir hom aanvanklik nie van belang nie. Eers 23 jaar ná die opstel van die CA het Melanchthon dit nodig geag om daaroor te skryf.

Melanchthon begin sy hoofstuk oor die predestinasie (*De praedestinatione*) met 'n onverwagse vraag (minstens vir ons vandag). Volgens hom vra mense wat na die verwoesting en ellende van die wêreldgeskiedenis kyk, of daar hoegenaamd 'n groep mense is wat op 'n besondere wyse onder die liefde en sorg van God staan. Hy verdiep die vraag na: Waar sal die kerk van Christus voortbestaan, aangesien talle kerke op talle plekke alreeds verdwyn het? Nog erger: Sal die kerk hoegenaamd die verwoesting van die geskiedenis oorleef? Volgens Melanchthon is daar 'n groep mense wat op 'n spesiale wyse onder God se sorg staan – en hierdie groep is die kerk. Die hele menslike geslag is dus nie bedoel en bestem om in die niet te verdwyn nie. Die lidmate van die kerk het sekerheid oor hierdie gedagte op grond van a) die wonderwerke van God wat Christus se lewe voorafgegaan het soos die uittog uit Egipte, en b) die wonder van die opwekking van Christus.

Nadat Melanchthon die herkoms van die vraagstelling verduidelik het, gaan hy oor na die inhoudelike verduideliking van hierdie leerstuk. Hy begin deur aan te haal uit Johannes 10:27-28, Efesiërs 1:4 en 2 Timoteus 2:19 – drie tekste ten grondslag van die uitverkiesingsleer. Op grond van hierdie tekste stel hy dat daar altyd 'n kerk van uitverkorenes (*electorum Ecclesia*) sal wees wat deur God bewaar, verdedig en regeer sal word (met verdere verwysing na Jes 46:3-4).

Melanchthon behandel vervolgens die vraag na die rede vir die uitverkiesing (*de caussa electionis*). Daar was nog altyd die vraag: Hoekom Abel en nie Kain nie, hoekom Jakob en nie Esau nie? Dikwels word die antwoord gegee volgens menslike maatstawwe. Menslike waardigheid en meriete word aangebied as rede. Dit kan Melanchthon nie aanvaar nie. Hy beveel aan dat daar aan drie teologiese beginsels of proposisies (*hypotheses*) vasgehou word wanneer hierdie vraag beantwoord word:

- a) By die uitverkiesing moet op grond van die evangelie en nie op grond van die wet nie geoordeel word.
- b) Die aantal mense wat gered sal word, is gekies (*electus*) ter wille van Christus (*propter Christum*). Buite Christus om kan daar nie oor die uitverkiesing gepraat word nie.
- c) Ons moet na geen ander rede vir ons regverdiging of uitverkiesing soek nie.

Volgens Melanchthon is dit belangrik om te bepaal wat die “wil van God” ten opsigte van die uitverkiesing is. Volgens hom is die wil van God baie duidelik. Hy wil dat almal gered word deur geloof in Jesus Christus. Hy verwys na Johannes 3:16, Matteus 11:28, Romeine 10:12 en Romeine 11:32. Hy beklemtoon dat God se wil die universele wil tot redding is. Niemand word by voorbaat uitgesluit nie (vgl Jes 53:6, Hand 10:43; 13:39 en 1 Tim 2:4).

Nadat vasgestel is dat God se wil tot redding universeel is (*promissionem esse universalem*), moet ons verstaan dat ons deur



genade, ter wille van die Seun, gered word en nie op grond van ons waardigheid (*nostram dignitatem*) nie. Ons is almal onder die sonde vervalle, en kan daarom op niks anders as God se genade steun nie. Maar weer eens: Almal kan en behoort op God se genade in Christus te steun. God wil nie dat iemand verlore gaan nie. Nóg tans is daar mense wat verlore gaan omdat hulle nie glo nie. Wie is vir hierdie ongeloof verantwoordelik? Volgens Melanchthon beslis nie God nie, maar die mens self. Die sondige mens – die mens wat die aanbod van die evangelie verwerp – is alleen verantwoordelik vir sy verwerping. Die God van liefde het daarmee niks te make nie.

Volgens Melanchthon is die uitverkorenes die lidmate van die kerk van Christus; hulle en hulle alleen. Om deel van die kerk te wees, moet die beloftes van God in Christus geglo word. Wie hierdie beloftes (die evangelie) verwerp, kan nie verwag om gekies te word nie. Die feit dat sekere mense verlore gaan, het niks met die wil van God te make nie, maar alles met die sondige wil van die mens. God wil dat almal gered sal word, maar as mense nie gered wil word nie, is hulle self die oorsaak van hul verwerping.

Melanchthon sluit sy betoog af deur drie troosryke gedagtes te opper oor die predestinasie of uitverkiesing:

- a) Diegene wat uitverkies is, is deel van die gemeenskap van die geroepenes (*coetu vocatorum*). Diegene wat die evangelie hoor en glo, is die uitverkorenes – met ander woorde, hulle wat deel is van die sigbare kerk, is uitverkore. Nêrens anders kan uitverkorenes aangetref word nie.
- b) Diegene wat gehoor gee aan die oproep van die evangelie, is uitverkies. Diegene wat gehoorsaam is aan die oproep van die evangelie, kan seker wees dat hulle uitverkies is.
- c) God is teenwoordig in die sigbare kerk. Die teenwoordigheid van God bied sekerheid oor die uitverkiesing.

Die hele gedagte van die uitverkiesing staan dus in die teken van troos en hoop. Die hele mensdom is nie bestem om verlore te gaan nie. In Christus kies God vir Hom 'n kerk wat bestem is vir die ewige lewe. In dankbaarheid kan gelowige lidmate vertrou dat hulle deel is van hierdie skare van uitverkorenes – en dit geld ook lidmate van die Hervormde Kerk.

Ons moet ons nie laat mislei deur mense wat beweer dat my redding alleen afhang van my wilsbesluit om te glo nie. Die mens red homself nie deur gelowigheid nie. God wil mense in Christus red – en dít moet geglo word. Wie dít glo, is uitverkies!

## Philipp Melanchthon oor die geboorte en dood van Martin Luther

Reformasie 500 is grootliks 'n Luther-jubileum. Dit is daarom belangrik om te weet wie Martin Luther was en wat hy die kerk geleer het. Die twee belangrikste tekste wat ons hiermee kan help, is Philipp Melanchthon se berig oor Luther se geboorte en sy lyksrede wat hy tydens Luther se begrafnis in die Kasteelkerk in Wittenberg, op 22 Februarie 1546, gelewer het.

### Die berig oor sy geboorte

Melanchthon was Luther se eerste biograaf. Ná Luther se dood het hy in 1546 'n kort berig oor Luther se geboorte en herkoms geskryf. Die teks is opgeneem in die voorwoord (*praefatio*) van sy versamelde werke in die *Corpus Reformatorum* (*Versameling van Reformatoriese Werke* – Band 6).

Melanchthon skryf: Die familie met die van Luder (later verander na Luther), uit die laer stande, is welbekend binne die heersersgebied van die Graaf van Mansfeld. Martin se ouers het egter eers in Eisleben gewoon voordat hulle na Mansfeld verhuis het. Sy vader, Johannes (sic), was 'n arbeider van aansien en sy moeder, Margarita (sic), was 'n voorbeeldige en vroom mens wat baie gereeld in die kerk gaan bid het. Melanchthon meld dat hy meermale met Margarita en Martin se broer, Jakob, gepraat het oor sy geboorte, aangesien die doopregisters in die 15de eeu nie jaartalle by die dag van doop geplaas het nie. Hulle was egter seker van die dag (10 November) en selfs van die uur van sy geboorte, maar nie van die jaartal nie. Op grond van verdere gesprekke met die bure van die Luders, het hy geoordeel dat Luther in 1483 gebore moes wees. 500 jaar se navorsing het hom hierin gevolg. Die ma het goed onthou dat die kind op 11 November gedoop en Martin genoem is, aangesien die lewe en marteldood van die heilige Martin op daardie dag herdenk word. Melanchthon berig dat Johannes en Margarita Luder hul kind Martin van kleins af tuis oor die Christelike godsdiens onderrig het. Hulle het hom geleer wat kennis en die vrese van die Here beteken; hulle het hom geleer bid; om die kerklike lieder te sing; en om volgens die Christelike deugde te lewe. Soos wat dit ordentlike mense betaam, het hulle toegesien dat hy leer lees en skryf. Die vader van Georg Oemler ('n bekende familievriend) het betaal vir sy laerskoolonderrig.

Ons weet dus op grond van historiese bronne nie veel van Luther se jongdae af nie. Dit is nie eens seker dat hy wel in 1483 gebore is nie. Geskiedskrywing was in daardie tyd nie in iemand se kinderjare

geïnteresseer nie. Wat hy later, vanaf sy dae as jong priester, geskryf het, is egter goed bewaar en gedokumenteer. Gelukkig het Lucas Cranach sr skilderye van Luther se pa Hans en sy ma Margarete (nie Johannes en Margarita soos Melanchthon beweer nie) gemaak, wat onderskeidelik in 1530 en 1531 gesterf het.



### Die lyksrede

Nadat Johannes Bugenhagen (Luther se predikant) uit 1 Tessalonisense 4 in Duits gepreek het, het sy vriend en kollega Philipp Melanchthon 'n lyksrede in Latyn gehou. Hierdie antieke en vroeg-Christelike ritueel, wat deur die Humanisme van die 15de en 16de eeue weer in gebruik gestel is, het aan Melanchthon die geleentheid gegee om Luther se betekenis vir die kerk duidelik uit te spel. Hy plaas Luther op een lyn met die belangrikste getuies van die Goddelike boodskap: Moses – Jesaja – Johannes die Doper – Paulus – Augustinus – Luther. Die Latynse teks is weke ná die begrafnis in Magdeburg, Lübeck en Marburg gedruk en versprei. Aangesien die gewone bevolking nie Latyn magtig was nie, het Luther se vriend en kollega in Leipzig, Joachim Camerarius, 'n Duitse (in die Saksiese dialek) en 'n Nederduitse vertaling gemaak wat regdeur Duitsland en Nederland versprei is. Die Camerarius-weergawe is die teks wat tans weer in die pers beskikbaar is.

Melanchthon begin deur te stel dat hy nie 'n lofrede oor Luther wil lewer nie, maar sy bydrae, as werktuig van Christus, tot die leiding van die kerk wil aantoon. Hy wys daarop dat mense wat wêrelds oor die lewe dink, glo dat alles maar blindelings en per toeval gebeur. Gelowiges glo egter dat die kerk deur God gelei en bewaar word, en dat Hy daarom sorg dat daar begaafde mense kom wat die kerk volgens God se wil kan lei – en een van hulle was Martin Luther.

Luther, die uitverkorene, se taak was om die kerk terug te lei na ware aanbidding, die Skrif reg uit te lê en die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Luther het die taak gehad om die *ware en noodwendige leer* weer aan die lig te bring. Hy het daarop gewys dat die kerk nie sonder voortdurende bekering kan gedy nie. Hy het aangetoon dat diegene wat in vrees vir God se toorn lewe, in die Bybel

die God van barmhartigheid kan leer ken. Hy het geleer dat die mens deur die geloof regverdig word, en dat daar tussen wet en evangelie, geestelike en wêreldlike geregtigheid onderskei moet word. Hy het die dwaasheid ontbloot dat 'n mens God nog steeds kan aanroep, al word jou gemoed oorheers deur twyfel en onsekerheid oor die waarheid van die evangelie. Hy het geleer dat God slegs in die geloof, *met 'n goeie gewete*, aangeroop kan word. Hy het geleer dat gebed tot die lewende en teenwoordige Christus gerig word, en dat gebed niks met 'n gepraat met beelde van dooie mense te make het nie.

Hy het geleer dat die samelewing nie sonder goeie owerhede kan funksioneer nie, maar ook geleer dat gehoorsaamheid aan staatswette en -ordinansies niks met jou saligheid te make het nie. Hy het ook daarop gewys dat die nakoming van kerkordelike reëlings weinig met lewende geloof te make het. Laastens het hy die Bybel in Duits vertaal, sodat elkeen self kan lees en die prediking beoordeel. Deur sy pastorale adviese het hy talle mense in krisismomente gehelp. Hy was 'n vriendelike en empatiese mens – ten spyte van sy ongeduldigheid en woedeuitbarstings oor lui en onbekwame mense. Hy het die kunste bevorder. Musiek en skilderkuns was, naas die teologie, vir hom die belangrikste dinge in sy lewe. Hy was lief vir sy vrou en kinders en 'n goeie buurman. Hy het daagliks vir hulle en die hele kerk voorbidding gedoen. Hy het die kerk geleer dat die tyd min is op aarde. Hardwerkendheid en pligsbesef het die Duitsers en Hollanders by hom geleer.

Melanchthon sluit sy rede af met die sekere wete dat Luther wel gered is. Hy moedig die gemeente, en die nageslag, aan om Luther in herinnering te hou. Sy deugde, sy weldade en sy leer moet bewaar word. Sy voorbeeld moet ook deur volgende geslagte nagevolg word: sy voorbeeld van volharding in gebed, weetgierigheid, hardwerkendheid en sorg vir armes en weeskinders. Tipies van Melanchthon, sluit hy sy rede met 'n gebed af. Hy dank die barmhartige Vader dat Luther die amp van predikant kom herstel het sodat die suiwer leer van die evangelie gehoor, geleer en bewaar kan word, aangesien die kerk hiermee in stand gehou word.

## Philipp Melanchthon oor lyding en vertroosting

Filosowe en teoloë probeer al eeue lank om antwoorde te gee op die waarom-vraag: Waarom sterf mense in vloede en aardbewings, waarom is daar siekte en lyding, en waarom moet ons oud word en sterf?

Hierdie jubileumjaar bied aan ons die geleentheid om Philipp Melanchthon, die eerste sistematiese teoloog van die Reformasie, se gedagtes oor hierdie komplekse saak in herinnering te roep. Melanchthon het 'n hele hoofstuk in die laaste uitgawe (1559) van sy dogmatiekhandboek, *Loci praecipui theologici / Die belangrikste teologiese temas*, aan die tema afgestaan.

In hierdie 18de hoofstuk van sy leerboek gaan dit vir Melanchthon ook om die vraag wat die verskil tussen filosofie en teologie is. Aan hand van die *teodiseeprobleem* (die vraag hoe die almagtige en liefdevolle God boosheid en lyding kan toelaat) argumenteer hy dat die basiese verskil tussen hierdie twee denkpatrone te make het met die geloof in die lewende en teenwoordige God. Die geloof in of die verwerping van die idee dat daar 'n God is wat in en deur Christus handel, is die verskil tussen teologie en filosofie. Volgens Melanchthon skenk die geloof in die lewende werklikheid van God *troos* ten aansien van aardse lyding. Filosofiese nadenke, daarenteen, kan wel natuurlike oorsake van lyding bedink, maar kan nie antwoorde op die teodiseeprobleem gee wat menslike denke oorstyg nie.

'n Tweede verskil tussen filosofie en teologie het met die verwerping en/of aanvaarding van die gedagte van *sonde* te make. Net die teologie werk met die oortuiging dat aardse lyding met sonde verband hou. Die filosoof werk glad nie met die konsep van sonde nie, aangesien sonde met die geloof in God verband hou. As gelowige wat rekening hou met die sonde, gee Melanchthon perspektief op menslike lyding.

Melanchthon verduidelik dat lyding 'n baie komplekse aangeleentheid is en dat daar nie net een of twee verklarings vir hierdie probleem aangebied kan word nie. Om lyding te verstaan, moet die Christen van Bybelse argumente gebruik maak. Die Bybel bied volgens Melanchthon tien verskillende verklarings van lyding aan. Na gelang van die geval, moet daar na die moontlike toepaslike verklaring gesoek word:

1. As gevolg van die erfsonde is ons uitgelewer aan siekte, lyding en die dood.
2. Soms het lyding te make met God se straf op spesifieke sondes.
3. Die “duiwel” veroorsaak meningsverskille onder Christene en is die rede vir ketterye. Hierdie onenigheid skep groot lyding.

4. Soms straf God mense met teenslae met die bedoeling om hulle tot omkeer te bring.
5. Soms het lyding niks met straf te make nie, maar met “belydenis”. Johannes die Doper se onthoofding het byvoorbeeld te make met getuienis oor Christus.
6. Aspekte van lyding soos martelaarskap dien die getuienis oor die ewige lewe, en het niks met straf op aardse sonde te make nie.
7. Christene se lyding laat hulle deel kry aan Christus se lyding. Om beelddraers van Christus te wees, beteken om saam met Hom te ly.
8. Die Here kan ook uit liefde mense tugtig.
9. Soms is daar geen menslike verklaring vir lyding nie. In die onverklaarbare lyding betuig Christus sy teenwoordigheid en troos.
10. Die lyding van Christene wys ook heen na die leiding van Christus. Die lyding wat deur die leiding oorskadu word, is geen verklaring nie, maar troos wat die denke oorskry.

Melanchthon voorsien al tien argumente met talle aanhalings uit die Bybel. Hier is ongelukkig nie ruimte vir teksverwysings nie.

### **Vertrouing te midde van lyding**

Melanchthon meen dat daar vyf aksiomas uit die Bybel afgelei kan word wat troos kan bied te midde van lyding.

Eerstens: Gelowiges moet aanvaar dat beproewing nie per blinde toeval oor ons kom nie, maar dat dit ons tref onder God se wakende oog. Beprowings word veroorsaak deur natuurlike defekte, die werk van die duiwel of menslike boosheid – maar dit tref ons met God se wete. Beprowings is daarom nie noodlot nie, aangesien God daarvoor beskik. Christene mag nie soos die Epikuriërs oor lyding dink nie – dat God geen belang hierby het nie. Christene betrag beproewings vanuit die hoop – die wete dat God nog met hierdie beproewing iets gaan doen.

Tweedens: Gelowiges glo dat niks gebeur sonder dat dit iets bewerk nie. Lyding wat deur boosheid bewerk word, sal deur God gestraf word. Natuurlike lyding, en die Christelike nadenke daaroor, lei tot aanbidding en dankbaarheid. Lyding vanuit die perspektief van Christus se oorwinning oor die magte van die dood, laat die gelowige nie met ’n gevoel van magteloosheid nie, maar met ’n gevoel van tevredenheid. Die wete dat God in Christus iets aan menslike lyding gedoen het, en weer en weer sal doen, bewerk in ons gemoed hoop en verwagting.

Derdens: Gelowiges leef met die vertrouwe dat God straf, dat Hy troostend teenwoordig is en dat Hy uiteindelik verlos van pyn en lyding. Filosofies is hierdie vertrouwe irrasioneel. Gelukkig is geloof ’n gawe van die Heilige Gees, en oorstyg vertrouwe in God die menslike denkvermoë.



Vierdens: In tye van beproewing moet gelowiges hul geloof beoefen. Dit beteken, hulle moet ywerig bid vir vertroosting en bemoediging. Hulle moet die Here voortdurend loof en dank vir sy beloftes en trou, en hulle moet deelneem aan die byeenkomste van die gelowiges. Deur dít te doen, sal daar geduld en volharding gekweek word. Melanchthon wys daarop dat die vertrouwe op die Ander en die steun van ander, die verskil met die filosowe konstitueer. Plato, by monde van Cicero, sê: *Dié persoon wie se geluk van homself afhang, wat nie van ander en/of die verandering van hul voorspoed afhanklik is nie, leef die lewe op die beste manier.* Met hierdie selfgesentreerde selfgenoegsaamheid bly die lydende mens 'n gevangene van sy omstandighede, sonder enige verwagting op verandering en/of uitkoms.

Vyfdens: Gelowiges moet waak teen verbittering. Teleurstelling, pyn en hartseer moet nie tot wrokkigheid lei nie. Blymoedigheid moet die deurslag gee in die lewe. Vreugde wat uit geloofsvertroue opspring, moet die bitterheid oorwoeker. Blymoedigheid en vreugde gedy op stilte en geduld. Kalmte is nodig om die teenwoordigheid van die Here raak te sien. Wanneer daar besef word dat Hy teenwoordig is, kan daar volhard word.

Kalmte, geduld en volharding (*anexikakia*) is vir Melanchthon die korrekte geloofshouding in tye van lyding. Hierdie deugde sal ons in staat stel om nugter oor drie moontlike redes vir swaarkry te oordeel. In die eerste instansie moet daar eerlik gevra word of ons nie vir spesifieke sondes gestraf word nie (*timoriai*). Hierdie gevaarlike argument is bedoel vir die gewete van die individu. Ander kan nie, en mag nie saam oordeel nie. 'n Volgende moontlike rede vir swaarkry het dalk met toetsing van geloof en/of volharding te make (*dokimasiai*). Ook hierdie oordeel is problematies, en kan mense laat wonder oor God se geregtigheid. Soos Job, moet daar uiteindelik gesê kan word, ten spyte van alles kan ek nie anders as om te glo nie. Verder moet die lydende gelowige vra of sy/haar lyding nie 'n getuienis (*martyrion*) is nie. Is sy/haar geduld en volharding nie dalk in diens van die oortuigingswerk van die Heilige Gees nie? Laastens moet die gelowige in dankbaarheid kan aanvaar dat Christus vir ons die losprys betaal het (*lutron*). Om in stilte en geduld te kan aanvaar dat hier geen ander antwoord op die teodiseeprobleem is nie as die oorgawe aan die verlossingswerk van Jesus Christus, is die laaste en belangrikste daad in die lewe van iemand wat swaarkry.

Hierdie argumente wat 'n halwe eeu gelede aangevoer is, mag dalk nie meer in alle opsigte oortuigend klink nie, maar dit bly denkwaardig. Dit bly denkwaardig omdat dit ons help om Bybels te dink. Dit is tog waaroor die Reformasie gaan: om oor die kompleksiteit van die lewe te dink met behulp van die sentrale temas wat in die Bybel te vind is, te wete God en die sonde.

## Philipp Melanchthon oor die drie-enige God

Die Triniteitsleer, of die leer oor die drie-enige God, was in die beginjare van die Reformasie 'n saak wat nie bespreking uitgelok het nie. Die Reformatore het die beslissings van die vroeë kerk oor die Drie-eenheid kritiekloos aanvaar. Hierdie was die een saak waaroor hulle en die Roomse teoloë absoluut eenstemmig was.

Philipp Melanchthon, wat die opsteller van die rigtinggewende *Augsburgse Geloofbelydenis* (1530) was, het in Artikel 1 die volgende geskryf: *Ons kerke leer met algemene instemming dat wat die Konsilie van Nicea oor die eenheid van die Goddelike wese en die drie onderskeie persone geleer het, absoluut waar is. Dit is wat sonder enige twyfel geglo moet word...*

Een jaar later skryf hy in die *Apologie van die Augsburgse Geloofbelydenis* (1531) die volgende oor die belydenis aangaande die drie-enige God: *Ons het hierdie artikel nog altyd geleer en verdedig. Ons glo dat dit op egte en stewige Bybelse argumente berus, wat nie verwerp kan word nie. Ons argumenteer konstant dat diegene wat anders [oor God] dink, buite die kerk van Christus is, en afgodsdienaars is en God beledig.*

Eers 'n paar maande ná die publisering van die *Apologie*, was Melanchthon genoodsaak om aan hierdie leerstuk aandag te gee, aangesien Calvyn hom versoek het om op die uitlatings van Michael Servetus te reageer. Servetus (of Servet) het in sy geskifte die leer oor die Drie-eenheid verwerp. Melanchthon het toe begin om in die eerste hoofstuk van sy *Loci Praecipui Theologici (Die Belangrikste Teologiese Onderwerpe)* aandag aan God as die drie-enige God te gee. Ons gee aandag aan die laaste uitgawe (1559) van hierdie leerboek.

### God verstaan as die drie-enige God

Melanchthon begin in sy leerboek (die eerste Protestantse dogmatiekhandboek) met die vraagstelling na God. Sy aanpak van die vraagstelling mag vir baie mense vandag totaal vreemd wees, aangesien hy van die veronderstelling uitgaan dat alle mense op die een of ander manier in God glo. Vandag is dit eintlik 'n verrassing om te hoor dat iemand in God glo. Ten spyte van Melanchthon se aanname dat almal ten diepste in God wil glo, is sy verduideliking hoekom die Christelike verstaan van God die mees oortuigende is, vir ons tog nog bruikbaar.

Melanchthon argumenteer dat mense in die algemeen 'n bewussyn van God het. Volgens hom het mense die vermoede dat daar iets soos die “voorsienigheid” moet wees, maar weet hulle nie of hierdie “voorsienigheid” enigsins betroubaar is nie. Hulle aanvaar ook dat “God” hulle straf vir hul oortredinge en ongeregthede, maar hulle



kan nie aanvaar dat “God” barmhartigheid kan betoon nie. Aangesien ons as mense maar slegs vae vermoedens van God kan hê, is ons afhanklik van God se selfopenbaring. God self moet Hom aan ons toon; Hyself moet aan ons iets oor Homself sê voordat ons kan weet wie en wat Hy werklik is. Dit is op grond van God se selfopenbaring wat in die Heilige Skrif te vind is, dat Christene ’n ander verstaan van God het as die filosowe en mense van ander godsdienste. In die lig van God se selfbekendmaking in die Bybel, weet Christene dat ons deur God geskape is, dat Hy voorsien en dat Hy alles tot voleinding sal bring. Op grond hiervan kan ons met vrymoedigheid tot Hom bid, met die wete dat Hy na ons luister en ons gebede sal verhoor.

Een van die interessantheide van Melanchthon is dat hy altyd ook vanuit die Ou Testament argumenteer. Sy argument oor God se selfopenbaring begin by Eksodus 20:2 waar God aan die begin van die tien gebooie sê: *Ek is die Here jou God wat jou uit die slawehuis uitgelei het* (OAV). Dit is dieselfde God wat in die Nuwe Testament stel: *...hierdie is my Seun in wie Ek ’n welbehag het*. Die God van die Bybel was dus nog altyd en sal altyd die selfopenbarende God wees. Op grond van God se selfopenbaring in die geskiedenis van sy volk Israel en sy Seun Jesus Christus, kan ons twee dinge weet: a) wie God is, en b) wat sy wil is. Die antwoorde op hierdie twee vrae onderskei die Christelike godsdiens van ander godsdienste. Ander godsdienste mag ook ’n mening aangaande hierdie twee vrae hê, maar kan dit nie op dieselfde manier antwoord nie – en om hierdie rede kan daar nie sommer maklik gesê word dat alle godsdienste gelyk is nie.

Volgens die Christelike godsdiens is God die Vader van Jesus Christus. Ons ken God dus op grond van die persoon en werk van Jesus Christus. Ons ken Hom dus nie vaagweg as “Skepper” en “Voorsiener” nie, maar as die God wie se almag neerkom op die almag van sy liefde. Sy liefde vir sy Seun is die bevestiging van sy liefde vir ons. Sy liefde kom weer neer op sy barmhartigheid teenoor ons. Dit is juis die voorstelling van God as barmhartige Vader wat die filosowe en die ander godsdienste nie ken nie.

Die wil van God wat vanuit sy selfopenbaring in Jesus Christus verstaan word, is vir nie-Christene ’n vreemde aangeleentheid. Dat God wil red, dat Hy genade wil toon, dat Hy na gebede wil luister en Hom oor ons wil ontferm, is nie aan ander bekend nie. Mense is gewoonlik geneig om die wil van God te soek in wat gebeur, óf in wat nie gebeur nie. Melanchthon leer ons egter om nie, op soek na die wil van God, die werklikheid te interpreteer nie, maar om eerder te vra wat Hy vir ons in Christus wil of nie wil nie.

Om God in Christus te ken en sy wil te vertrou, is uiteindelik werk van die Heilige Gees. Om van Hom te weet, is een ding; om Hom te ken, is ’n ander ding. Om van Hom te hoor, is een ding; om Hom te vertrou, is ’n ander ding. Ons natuurlike neiging is dat ons Hom nie wil ken en vertrou nie. Om hierdie rede skenk God aan ons sy Gees

wat ons die oortuiging van die waarheid van die evangelie en vertroue in die evangelie wil skenk. Só het ons in die kerk met die drie-enige God te make – Vader, Seun en Heilige Gees, wat één wese maar drie onderskeie persone is.

Melanchthon besef dat die Drie-eenheid vir baie mense 'n verwarrende aangeleentheid kan wees. Om hierdie rede probeer hy nie om hierdie leerstellige saak vir lidmate met moeilike argumente te verduidelik nie. Hy beveel aan dat lidmate eerder hul eie doop moet probeer verstaan. Die doop is vir Melanchthon die indrukwekkendste en belangrikste seremonie van die kerk. Hoekom? Omdat die doop die beloftes van God tot uitdrukking bring. By die doop word groot en klein belowe dat God die Vader sal voorsien; dat God die Seun sal vergewe; dat God die Gees sal vernuwe en tot nuwe lewe sal wek. Van hierdie dinge weet die heidene niks, aangesien hulle nie die sakrament ontvang nie en nie onder die geklank van die Woord kom nie. Aangesien die kerk die evangelie van die drie-enige God nie geheim wil hou nie, moet hy mense uitnooi om gedoop te word en om hul geliefdes te laat doop. Die doop is die teken en waarborg dat ons met 'n lewendige God te make het wie se wil pure genade en barmhartigheid is. Om hierdie rede is Melanchthon se oordeel seker reg: Wie nie gedoop wil word nie, wie met ander woorde nie die liefde van die drie-enige God wil ervaar nie, bevind hulle buite die kerk.



Philipp Melanchthon doop 'n kind. Altaarskildery in die Stadskerk in Wittenberg deur Lucas Cranach

## Philipp Melanchthon en musiek

Dit is bekend dat Martin Luther 'n groot liefde vir musiek gehad het. Hy het onder andere gesê dat musiek 'n *mooi en kosbare gawe van God is, die belangrikste kunsvorm, en naas die teologie die vernaamste wetenskap*. Dit is minder bekend dat Melanchthon ook 'n groot liefde vir musiek gehad het.

Melanchthon het enkele melodieë gekomponeer wat in die eerste Protestantse gesangeboeke opgeneem is. Sy groot bydrae tot die Protestantse kerkmusiek het egter te make met die liedtekste asook die voorwoorde tot die gesangeboeke wat hy geskryf het. In 'n vorige artikel is daarop gewys dat Melanchthon honderde gebede geskryf het waarvan enkele selfs in kerkordes opgeneem is. Talle van die gebede was in digvorm, aangesien hy 'n briljante digter was. Naas gedigte in Nederduitsch (Duits het nog nie as taal bestaan nie; daar was slegs 'n klomp Duitse dialekte in die laat-Middeleeue), het hy ook 600 gedigte in Latyn en 60 in Grieks nagelaat. Talle van sy gedigte is, onder andere, deur studente in gebedsvorm getoonset en gesing. Navorsers het tien van sy gedigte geïdentifiseer wat onder andere as gebede in die eerste Protestantse liedboeke opgeneem is. Interessant is dat twee van hierdie gedigte met die huwelik te make gehad het (onthou, die Roomse Kerk het die selibaat bevorder en die huwelik geringgeskat).

Melanchthon het graag saam met die studente die toonsettings van sy gedigte gesing. Op grond van latere skilderkuns word vermoed dat hy gereeld saam met die Luther-gesin tydens huisgodsdienst gesing het. Aangesien Melanchthon 'n groot liefde vir sang gehad het, het hy 'n reusebydrae gelewer tot die ontwikkeling van die Protestantse gemeentesang. Dit was veral die voorwoorde tot die liedboeke wat 'n groot impak in die kerk gehad het, en aan hierdie voorwoorde word in hierdie artikel aandag gegee. Eers, nog 'n paar biografiese brokkies oor Melanchthon.

Die Reformasie het nie net met teologie te make nie, maar ook met musiek. Een van die grootste skatte wat die Reformasie nagelaat het, is die Protestantse musiektradisie. Danksy Luther en Melanchthon en hul leerlinge, kon mense soos Handel, Bach, Telemann, Mendelssohn-Bartholdy en eeue later Andrew Lloyd Webber hul talente binne gemeentes ontwikkel en uitlewe (almal was orreliste in gemeentes). Die kulturele nalatenskap van die Reformasie is enorm. Protestantse kerkmusiek bied vreugde aan gelowiges en ongelowiges, Europeërs en Asië, Afrikane en eilandbewoners.

Die liefde vir kerkmusiek is deur mense soos Melanchthon verpersoonlik. Die doodsberig deur die rektorat van die Universiteit van Wittenberg vertel van Melanchthon se liefde vir kerkmusiek. Die berig vertel hoe Melanchthon sy laaste dae deurgebring het. In die nag

van 13 April 1560, ses dae voor sy dood op 19 April, droom hy dat hy weer as kind in die Paasdiens saam met die gemeente sing. Hy skrik wakker, en sit die lied van sy droom (*Desiderio desideravi*) in die bed voort. Die volgende dae was hy die hele tyd met Paasliedere besig. Toe hy nie meer kon sing nie, het hy gevra dat die omstanders vir hom sing totdat hy sterf.

20 jaar ná sy dood het een van sy studente, Edo Hildersen, 'n lys van vakke en modules (*Encomion Philippi*) saamgestel wat Melanchthon doseer het. Musiek was ingedeel tussen wiskunde en fisika. Hy vertel ook dat naas die teologie- en filosofiestudente, die studente van die eksakte wetenskappe saans voor sy huis saamgekom het om vir hul leermeester en sy gesin te sing. Hy het dit dus reggekry om studente van alle vakgebiede godsdienstige musiek te laat sing (sy missionale strategie!).

### **Voorwoorde van liedboeke**

Melanchthon het sedert 1524 voorredes geskryf vir liedbundels wat deur Georg Rhau in Wittenberg saamgestel en gepubliseer is. Danksy hierdie voorredes, wat wyd gelees en aangehaal is, het Rhau die belangrikste en suksesvolste uitgewery van musiekprodukte in Europa opgebou.

Melanchthon het in 1550 en 1551 twee voorredes tot Psalmbundels geskryf wat vermelding verdien. Johannes Reusch en Lucas Lossius het Psalmberymings gemaak vir gemeentelike gebruik. Melanchthon beveel hierdie berymings aan vir angsvallige mense wat by God rus en kalmte soek. Toe Lossius in 1553 'n bygewerkte *Psalmodia* publiseer, kry Melanchthon die geleentheid om sy lofrede oor die kerkmusiek verder uit te bou. Hy wys daarop dat kerkmusiek die innerlike harmonie van 'n mens bevorder. Hy argumenteer dus dat kerkmusiek goed is vir die emosionele stabiliteit van die mens. Kerkmusiek bevorder nie net die innerlike harmonie van die individu nie, maar ook van die samelewing. Om hierdie rede moet die konings en vorste saam met die gemeente sing sodat die sosiale harmonie versterk kan word. Die mens is 'n komplekse wese wat verskillende emosies toon. Kerkmusiek wil bemoedig wanneer iemand treurig is; laat jubel wanneer iemand dankbaar is; en troos wanneer daar hartseer is.

Hy stel verder dat mense leerstellige uitsprake makliker en langer onthou wanneer daarvoor gesing word. Kerkmusiek vervul daarom ook 'n kategetiese funksie. Getrou aan die Reformatoriese teologie, bepleit hy gesange wat oor God se oordeel gaan, maar ook gesange wat oor God se barmhartigheid handel – met ander woorde, liedere wat oor die wet en die evangelie handel. Hy is dankbaar dat die Psalms in die erediens gesing sal word aangesien talle Psalms gebede is. Gebede in die vorm van liedere skeep kalm gemoedere in die kerk. Ten slotte doen hy 'n oproep dat lieddigters en komponiste hul talente moet inspan om

die liedboeke van die kerk uit te bou sodat daar vir elke geleentheid en gemoedstoestand 'n kerklied sal wees.

Daar is onlangs in een van Melanchthon se briewe 'n voorrede ontdek wat hy op 25 Desember 1544 vir 'n onbekende liedboek geskryf het. Daarin argumenteer hy dat die musikale ontwikkelingsvlak van 'n kerk die maatstaf van die kerklike toestand van die kerk is. Lidmate wat nie die liedere van die kerk ken nie, ken ook nie vir God nie, sê hy. Anders gestel: Wie nie die inhoud van die liedboek ken nie, ken ook nie die inhoud van die Bybel nie.

In die lig hiervan het Melanchthon, wat die hele skoolsistiem in Duitsland hervorm het, gesorg dat musiekonderrig deel van die kurrikulum word. In die eerste uur van die middag moes alle skoolgaande mense deelneem aan die maak van musiek en die onderrig van musiek. Predikante was kerkordelik verplig om aan hierdie aktiwiteite mee te doen sodat hulle die kerklik-teologiese dimensie kon vergroot. Vir Melanchthon was die kerk 'n leergemeenskap, maar hy het ingesien dat leerinhoude aan die vreugde en genot van musiek gekoppel moet word – veral om die evangelie op 'n aangename wyse vir die jeug toeganklik te maak.

Melanchthon was die eerste “dogmatikus” van die Protestantisme. Hy was egter ook “praktiese teoloog” wat die kerk leer bid het. Hierbo is genoem dat talle van sy gebede in liedtekste omskep is. Een van sy belangrike bydraes op hierdie terrein het met “aandgebede” te make. Een van sy aandgebede, gebaseer op die gebed van die Emmausganger in Lukas 24:29, *Here bly by ons*, is deur verskeie komponiste deur die loop van die eeue getoonset. Die Afrikaanse woorde van *vespera iam venit* lui: *Netnou is die aand hier, bly daarom onder ons, o Christus, sorg daarvoor dat u lig nooit onder ons uitgedoof word nie*. Ons sal seker nie verkeerd wees nie as ons beweer dat ons geliefde Gesang 582 se diepste wortels terugstrek tot by Melanchthon. Ons betrek hierdie woorde grootliks op die dood, terwyl Melanchthon dit weer betrek op elke dag se opstaan en stryd om die behoud van die geloof.



Een van die latere voorstellinge van die singende Luther-gesin tydens aandgodsdien, met Melanchthon in die agtergrond.

## Philipp Melanchthon se uitleg van die sewende gebod

Philipp Melanchthon het net soos Martin Luther en Johannes Calvyn onderskei tussen wet en evangelie. Volgens hom word die aanbod van die blye boodskap van Jesus Christus nie uitgeput deur die oproep om aan sekere morele verwagtings te voldoen nie. Die doen van goeie en regte werke is nie geloof nie – alhoewel daar van Christene verwag word om volgens die eise van die wet te lewe.

Melanchthon was die eerste teoloog wat uitdruklik geleer het dat die wet van God drie funksies het. Dit bied die mees basiese riglyn aan waarvolgens die samelewing ingerig moet word – dit het dus 'n politieke funksie. By die aanhoor van die wet ontdek ons ons eie sondigheid en besef ons dat ons ons toevlug tot Christus moet neem – dit word die teologiese funksie genoem. Die derde funksie van die wet is dat dit as riglyn vir die Christelike lewe dien. Dit bied aan Christene handelingsoriëntering vir die daaglikse lewe.

Teen die agtergrond hiervan sal besef word hoekom Melanchthon in sy dogmatiekhandboeke 'n uitleg van die tien gebooe opgeneem het. Dogmatiek is volgens hom nie etiek nie, maar dogmatiek kan ook nie sonder etiek nie. Geloof en lewe is nie dieselfde nie, maar dit kan ook nie geskei word nie. In hierdie voorlaaste bydrae tot die reeks word gekonsentreer op Melanchthon se uitleg van die sewende gebod: Jy mag nie steel nie!

### Die sewende gebod

Hierdie gebod is tans 'n aktuele tema in ons land. 'n Groep politici is besig om die land bankrot te steel, en daarom meen talle onderdane dat hulle ook die reg het om te steel. Indien mense in hierdie land aanhou steel, sal ons almal saam te gronde gaan. Om hierdie rede móét ons in die kerk hieroor skryf en praat.

Wat Melanchthon in 1553 (dus 464 jaar gelede) in die Duitse weergawe van sy leerboek oor die sewende gebod geskryf het, is vir ons steeds aktueel en leersaam. Hy begin met die opmerking dat wanneer God iets verbied, Hy tevore iets moes ingestel, goedgekeur en gewil het – en dít is die reg op privaatbesit; die reg om jou eie besittings te hê. Die implikasie hiervan is dat mense hard en getrou sal werk om vir hulself, hul gesinne en families aardse middele bymekaar te maak sodat hulle menswaardig kan lewe.

Aangesien God wil hê dat mense eiendom sal besit, stel Hy maatreëls in om dít te beskerm. Hy bepaal dat jou hart en jou hand nie 'n begeerte na ander se besittings mag hê nie – behalwe waar daar op 'n billike wyse goedere geruil of daarvoor betaal word. Met ander

woorde: God wil hê dat daar op 'n eerbare en eerlike wyse gekoop en verkoop sal word. God bepaal verder dat in die proses van ruil en koop, die sterkere nie die swakkere mag benadeel nie. Arm mense mag nie méér vir brood betaal as die rykes nie (dít is onder andere wat vandag in die townships gebeur).

Om hierdie onreg te keer, het God owerhede ingestel – maar die probleem is dat die owerhede (die konings, stamhoofde, munisipale bestuurders) dikwels self die grootste kriminele is. In hierdie verband wys Melanchthon op verse soos Jesaja 33: 1 waar die korrupte heersers en amptenare van die samelewing gewaarsku word: *Julle wat steel; van julle sal ook gesteel word* (vandag word dit gedoen deur belastingontduiking en belastingweerhouding).

Die waardevolle van Melanchthon se uitleg van die gebooie is dat hy nie net uitspel wat diefstal behels nie, maar ook wat dit positief meebring om hierdie gebod te gehoorsaam. As kind van sy tyd praat hy van die goeie werke wat die gehoorsaamheid aan hierdie gebod oplewer. Gehoorsaamheid aan die sewende gebod het die implikasie dat mense hul eie besittings sal oppas en vermeerder – sodat hulle genoeg sal hê om met die kerk en arm mense te deel. Diegene wat rondkyk om ander se goed te steel, is nie begaan oor hul eie goed nie, en stel beslis nie daarin belang om behoeftiges te help nie.

Volgens Melanchthon is dit 'n menslike noodwendigheid dat mense besittings sal ruil en verkoop. Dit is goed wanneer mense in verkoop, verhuring en uitruiling die beginsel van gelykheid handhaaf – met ander woorde, dat alle mense op dieselfde eerlike manier behandel sal word. Die diakonaat was vir Melanchthon van groot belang. Volgens hom is dit goed wanneer besitters goedhartig en barmhartig teenoor besitloses optree – maar wel op só 'n wyse dat jy nie jou eie huishouding in gevaar stel nie. Vermanend sê hy dat dit goed is wanneer jy nie jou eie besittings verkwis en verkwansel nie – aangesien die mense wat baat by jou verkwisting normaalweg onbarmhartige wesens is wat nie vir ander omgee nie. Hulle kyk slegs wat hulle uit ander kan kry, sonder om oor ander begaan te wees. Die positiewe van hierdie gebod het dus te make met: geregtigheid (*iusticia*), matigheid (*beneficentia*) en spaarsamigheid (*parsomonia*).

Melanchthon sluit sy uitleg af deur uit te wys waarop die sonde teen die sewende gebod neerkom. Vanselfsprekend kom die oortreding van hierdie gebod neer op steel, roof en bedrieg. Met die diakonaat in die agterkop, neem hy die uitleg bó die vanselfsprekende uit. Volgens hom steel mense wat genoeg het, maar nie bereid is om arm en versukkelde mense te help nie. Jy steel ook wanneer jy jou en jou kinders se eiendom verloor met swendelary, dobbel en algehele agterloosigheid. Die sonde van hierdie gebod kom dus volgens Melanchthon neer op: ongeregtigheid (*iniusticia*), onbarmhartigheid of onvrygewigheid (*sordes*) en swendelary (*prodigalitas*).

## Diefstal vandag

In 2017 neem diefstal ook ander gestaltes aan, soos kitskaartbedrog en onregmatige bankkoste. Ten spyte van al die tegnologiese en strukturele veranderinge in ons samelewing het diefstal nog maar steeds dieselfde grondtrekke as 500 jaar gelede. Inbrake en rooftogte het voorgekom en sal altyd weer voorkom. Kullery in ruilhandel kom altyd weer voor (vra maar vir mense wat 'n ou motor inruil vir 'n nuwe een). Ons almal ken mense wat hul besittings verkwansel het, en só hul kinders se toekoms gesteel het. In die kerk weet ons ook hoe die diakens sukkel om middele te vind om behoeftiges te help. Hoekom? Omdat mense hul eie besittings nie oppas nie, hul geld uitmors en vriende wil vermaak – met die gevolg dat hulle min of niks het om met ander te deel. Ons land word bedreig deur diefstal en korrupsie; om hierdie rede moet die wet van God ter wille van politieke redes aan owerhede en onderdane voorgehou word as die basis van 'n ordelike samelewing. Wanneer die geboorte van die Here aan ons in die erediens voorgehou word, kan ons in dankbaarheid dink aan die barmhartige God wat ons in Christus al ons sondes wil vergewe. Met die aanhoor van die sewende gebod moet ons besef dat ons verantwoordelik moet lewe sodat ons diegene wat hulp nodig het, kan bystaan in hul nood.

By Melanchthon leer ons dat onderrig oor die wet, naas die ontdekking van skuld en sonde, die bedoeling het om die harmonie in die samelewing te bevorder. Die wet van God is 'n goeie wet, aangesien dit die kwaliteit van alle menslike lewe wil bevorder. Melanchthon is dus 'n goeie leermeester, wat ons help om die meerdimensionaliteit van die Bybel te ontdek. Om hierdie rede keer ons deur die gang van die geskiedenis weer terug na teoloë soos hy, omdat ons die mooi dinge van die evangelie by hom kan leer.



## Philipp Melanchthon oor die artikel waarmee die kerk staan of val

Melanchthon het op 28 Augustus 1518, as 21-jarige jongman, sy intreerede in Wittenberg as professor in Grieks gelewer. Dít was enkele maande nadat Luther sy beroemde 95 stellings wêreldkundig gemaak het. Melanchthon besluit om onder Luther se leiding teologie te studeer en dispukeer reeds op 19 September 1519 vir die graad *Baccalaureus Biblicus*. Sy disputasie het gehandel oor kritiek op die Roomse transsubstantiasieleer en die priesterwyding (dus nog voordat Luther daaraan aandag gegee het).

In 1521/22 was Luther verplig om op die Wartburg by Eisenach as Junker Jörg te skuil. In hierdie tyd het Melanchthon namens Luther die lesings in teologie aangebied. Hy het hoofsaaklik aan die Romeinebrief aandag gegee. Hy het die belangrikste begrippe in Romeine op 'n sistematiese wyse uitgelê. Hierdie lesings sou reeds in 1521 as die eerste Protestantse “dogmatiekhandboek” gepubliseer word. Melanchthon het sy hele lewe lank aan hierdie boek verbeter. Die boek is talle kere as hersiene en uitgebreide uitgawes herdruk. Luther self het meermale gesê dat Melanchthon se *Hoofartikels van die Christelike Leer* die beste Protestantse leerboek is. Ek sluit hierdie reeks af met sy uiteensetting van die sentrale hoofstuk in die boek wat handel oor die vraag hoe die mens vergewing van sondes ontvang en regverdig word voor God. Ek konsentreer op sy eie Duitse weergawe van 1553 (die ander Duitse uitgawes, waarmee Melanchthon nie tevrede was nie, is deur Justus Jonas uit Latyn vertaal).

Melanchthon begin hierdie hoofstuk met 'n godsdienstwetenskaplike opmerking. Hy wys daarop dat die meeste mense glo dat offers aan voorvaders die aangewese manier is om guns by die gode te ontvang. Hy kla dat dit nie net mense van die tradisionele godsdienste is wat só glo nie, maar ook mense in die Roomse Kerk. Hierteenoor argumenteer Melanchthon dat die Nuwe Testament 'n totaal ander weg aandui.

### Vergewing van sondes

Die woord wat gebruik word om jou posisie voor God aan te dui, is *geregtigheid*. Met geregtigheid word minstens die volgende bedoel: Jou aanvaarbaarheid voor God; die rede hoekom jy guns van Hom kan verwag; hoekom Hy nie vir jou 'n bedreiging inhou nie. Talle mense meen dat wêreldlike geregtigheid genoeg is vir 'n gemaklike posisie voor God. Die filosoof Aristides het byvoorbeeld geargumenteer dat 'n wetsgehoorsame burger 'n *regverdige burger* is wat erkenning van die gode verdien. Sy argument is dat 'n goeie, ordentlike staatsburger met

hoë morele waardes verdien om voorspoedig te lewe. Melanchthon wys daarop dat Paulus ons leer dat hierdie oortuiging nie die groot probleem aanraak nie. Die groot probleem is dat ons menslike voortreflikhede met sonde oordek is en daarom nie tot geregtigheid voor God kan lei nie. Om voor God regverdig te wees (om voor Hom sonder skuld en sonde te staan), is vergewing van sondes noodsaaklik. *Geregtigheid voor God* is dus 'n ander uitdrukking vir vergewing van sondes.

Vergewing van sondes is genade. God skenk ons vergewing van ons sondes sonder dat ons iets daartoe bydra. Ons voortreflike moraliteit, selfs ons liefdesdiens, dra nie by tot ons vergewing nie. Christus se offer aan die kruis is voldoende om ons met God te versoen. Ons het nie nodig om Christus se daad aan te vul nie, aangesien Christus se gehoorsaamheid tot die dood toe vir God genoeg is. Genade, wat God skenk, kan ook verwoord word met *aanneming deur God*. Wie deur God aangeneem word, is *regverdig voor God* – en dit is die evangelie.

Die evangelie – die boodskap van God se genadevolle vergewing van sondaarmense – moet verkondig, gehoor en aangeneem word. Die blye boodskap van vergewing word egter net gehoor wanneer die wet in alle erns aan ons voorgehou word. Wie nie van die erns en radikaliteit van die sonde oortuig kan word nie, kan nie die aanbod van die genade verstaan nie. Bekering moet op die wetsverkondiging volg – bekering tot God se aanbod om vergewing. Regte verkondiging – die verkondiging van wet en evangelie – is troosvolle verkondiging. Die troos wat die verkondiger bied, is dat ons uit genade van sonde vergewe word, en daarom *regverdig verklaar* word. Hierdie verklaring moet geglo word.

### **Geloof, genade en regverdiging**

Alle individue moet glo dat hulle uit genade regverdig verklaar word. Geloof kom nie uit jouself nie, maar word gewek deur die Heilige Gees wat as Christus se belofte aan ons geskenk word. Melanchthon het geoordeel dat daar op hierdie punt eers helderheid moet kom oor die drie kernbegrippe, naamlik geloof, genade en regverdiging.

*Geloof* is nie net kennisname van historiese feite nie, maar om hierdie feite ook as waar te aanvaar en om dit van harte te vertrou. Geloof (kort saamgevat) is om die belofte van God, op grond van Christus se weldaad, van harte aan te neem. Wie die belofte van sondevergewing aanneem, kan in vrede lewe, aangesien gelowiges weet dat hulle vir God aanneemlik is. Wêreldlike voortreflikhede dra niks hiertoe by nie.

Die *genade* waarvan Paulus praat, is die genadevolle vergewing en aanneming deur God wat barmhartig is weens die daad van Christus aan die kruis. Genade is nie die vlak van heiligheid wat in 'n klooster bereik kan word nie. Genade kan ook nie afgedwing word deur voortreflike liefdesdiens in die wêreld nie. Genade is 'n geskenk van die barmhartige Vader wat in die geloof aanvaar moet word.

Om *geregverdig* te wees, beteken nie om 'n goeie sedelike lewe te lei of om 'n gehoorsame landsburger te wees nie, maar om deur God in Christus geregtigheid toegereken te word. Anders gestel: Geregtigheid voor God word ons toegesê. Morele prestasies is nie hiervoor nodig nie. Dit wat ons uit genade toegereken word, moet net in die geloof aanvaar word. Die wete dat jy regverdig verklaar word, gee troos en vrede. Dit beteken nie dat daar nou niks verder te sê is nie. Regverdig-wording of nuut-wording is temas waarvoor nog gepraat moet word. Dit val egter onder 'n ander tema, naamlik *heiligmaking*.

### **Slegs geloof, slegs genade**

Melanchthon sluit hierdie hoofstuk af met die vraag hoekom daar aan die eksklusiwiteitsaansprake *slegs die geloof* en *slegs die genade* vasgehou moet word. Hy gee vyf redes:

- Christus word die eer gegee wanneer die geloof toegespits word op sy werk aan die kruis.
- God wil uit sy barmhartigheid aan ons vergewing en regverdiging skenk. Hy belowe dit. Hierdie belofte bied aan ons sekerheid, en die sekerheid is ons troos. Daarom hou ons vas aan die eksklusiewe taalgebruik.
- Daar is geen ander middel waardeur ons God se barmhartigheid kan ken nie. Ons het slegs die geloof wat voortspruit uit die verkondiging.
- Die onderskeid tussen wet en evangelie is teologies noodwendig. Die wet is nie die blye boodskap nie. Die blye boodskap is die genade alleen.
- Die geloof en genade in Christus bied aan ons die vrymoedigheid om tot God te bid. Gebed, en nie offers nie, is vir Melanchthon die uniekheid van die Christelike godsdienst, en daarom is hierdie eksklusiwiteitsaansprake nie misplaas nie.

Getrou aan sy teologiese oortuiging, sluit Melanchthon hierdie sentrale hoofstuk in sy leerboek met 'n lang gebed af. Sô iets sien 'n mens vandag nêrens in teologiese handboeke nie. Melanchthon se vraag aan ons is: Glo julle nie dat leer tot gebed lei nie? Wie haastig wil antwoord *Dit is oudmodies om gebede in handboeke op te neem*, moet weer dink: Is daar werklik geen band tussen kerklike leer en gemeentelike gebed nie? Dit is hierdie tipe vrae wat dit die moeite werd maak om Melanchthon se geskrifte te bestudeer. Hy was een van die mees geleerde mense ooit, maar terselfdertyd 'n diep gelowige mens wat ons help om by die kernsake van die evangelie te bly. Dit was goed om juis in hierdie jubileumjaar aan Philipp Melanchthon aandag te kon gee.